1 September 2019

hallo.Hoogland

Geloof deur liefde tot dade

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Baie welkom by vanoggend se *Lentelofsangdiens!*

Nuwe intrekkers en -lidmate

Indien jy 'n nuwe intrekker of lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -

baie welkom in die Hooglandfamilie !!

Meld asseblief in die voorportaal by die hoofdeur aan vir enige navrae. Neem gerus 'n*"Nuwe Lidmate"* koevert in die brosjurevakkies of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Kom geniet 'n lekker koppie koffie in die voorhuis na afloop van die erediens. (*Net links van die hoofingang in die voorportaal.)*

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder EK WIL... en dan 'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag
Lentelofsangdiens

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Sending (finansiële & operasionele ondersteuning aan sendelinge)

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* en weer *voor die aandbyeenkoms* in die Voorhuis.

10:00 Junior, Senior en Finalefase GVG

Aandbyeenkoms: Ds Thania Botha
17:30 "Hot chocolate & Games"
18:00 Byeenkoms begin

Program vir die week

Maandag : 2 September
19:00 Finansies vergadering

Dinsdag : 3 September
14:30 Vrouebybelstudie

Woensdag : 4 September
09:00 Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:45 Dissipelskapsreis

Donderdag : 5 September
09:00 Dagbestuur
10:30 Woord werkgroep
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

Vrydag : 6 September
05:30 Manne in geloof
(Interkerklike byeenkoms)

Hoogland Aandbyeenkomste :

Tiende Dankoffer

Baie dankie vir die dankbare gesindheid waarmee elke Hooglander sy/haar Tiende Dankoffer gebring het.
Mag Hoogland ook daardeur vir ander tot seën wees net soos die Here Hoogland seën daarmee.
Onthou u is baie welkom om steeds u Tiende Dankoffer te bring gedurende September. Merk dit asseblief net baie duidelik op die koevert of inbetaalstrokie as Tiende Dankoffer (10 DO)

Familiediens

Sondag
15 September
@ 09:00
met 'n lekker
Piekniek
direk na die diens
op die grasperk
voor die saal!

Wat gebeur

14 Oktober 2022 ?

✝ Ons dink aan …

Denise Olivier & familie met Wally se heengaan die afgelope week. Sy troosdiens was reeds Vrydagoggend, 30 Augustus om 12:00 vanuit First Ave Funeral Home.

Ons harte gaan ook uit na Annalie Wright & kinders met die skielike afsterwe van Christo. Donderdagoggend, 29 Augustus. Die kerkkantoor het ongelukkig nog geen kennis rakende Christo se gedenkdiens ontvang nie.

Vanuit die Kerkraad …

Loftie Fourie gaan Sondag, 15 September tydens die oggenddiens volledig terugvoering gee rakende die gemeente se finansies na die eerste 6 maande van die huidige begrotingsjaar.

Ons benodig dringend leë roomysbakke en yoghurt houers vir die sopbediening.

Uit die hart ...

My vroegoggend-koffie is onlangs bederf toe ek die melk ingooi. Net toe die eerste druppels melk inval, besef ek hier is fout: hierdie melk is nie meer reg nie. Dadelik kyk ek na die vervaldatum: dit het al 'n paar dae terug verval! Dit laat mens sommer weer let op produkte in die kas se *Best Before*-datum. Ons sien natuurlik ook toenemend dat produkte 'n datum op het teen wanneer dit verkoop moet wees, en 'n datum teen wanneer die produk gebruik moet wees. Sommige mense hou streng by hierdie datums vir sekere produkte, ander weer (soos my ouma) sien hierdie datums slegs 'n bewusmaking dat hierdie produk van nou af, een of ander tyd nie meer reg sal wees nie.

Lente uit Klaagliedere fokus op 3:22-23, *"...deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferminge nie, dit is elke môre nuut."* So in die middel van Jeremia se Klaagliedere, kom hierdie verse nuut en vars - soos vars doudruppels in die oggend of die klein nuwe groen blaartjie wat uitloop op die frangipani.

Indien jy hierdie lees of Sondag se lofsangdiens kan bywoon: hier is ons - ons het nie vergaan nie. God se liefde en genadige ontferminge het nie 'n *BB*- of 'n *Use By*- datum nie. Elke dag is daar vir daardie dag genoeg volmaakte liefde en ontferminge waarmee God ons seën. Vandag se liefde en ontferming is nie vir môre se uitdagings, probleme of winter nie. Dit is vir vandag... in die nuwe lewe van die lente, herinner God ons ook deur die natuur van sy liefde, sorg en ontferming.

Ds. Pieter